

Skriflesing: Sefanja 2:3-15

Tema: Wag geduldig op die Goddelike Kryger-Koning!

Inleiding

Ons leef in 'n tyd in Suid-Afrika, waar moord en diefstal en verkrachtings aan die orde van die dag is. Ons leef in 'n tyd waar Christene al hoe meer vervolgt word en daar al hoe meer druk op Christene geplaas word. Sefanja gee vir ons hoop in so 'n tyd.

Wat is die oorblyfsel?

Die eerste ding wat ons vir mekaar moet uitmaak vanoggend is: wat is die oorblyfsel? Wat bedoel ons – as ons praat oor die oorblyfsel? Daar is 3 kategorieë in die Bybel wat ons moet verstaan: die ongelowiges, die gelowiges en die skyn-gelowiges. Die oorblyfsel is die ware gelowiges. Dis net die oorblyfsel wat gered gaan word.

Dis die oorblyfsel wat luister en tot bekering kom. Reg deur die eeue is daar 'n oorblyfsel wat God vergader – dis sy ware kerk – sy ware bruid – sy ware liggaam – dis die koring tussen die kaf – dis die heiliges wat vir ewig God gaan aanbid – dis die wat die ewige lewe beërwe – die wat in ewigheid op die nuwe aarde gaan woon. Soos Tiaan laas week verduidelik het – om elke week kerk by te woon of om al die regte Christelike dingetjies te doen verseker jou nie van 'n plek op die nuwe aarde nie – intendeel jy maak jou straf net meer. Maak seker jy is deel van die oorblyfsel.

Dis die oorblyfsel waaroor die volgende woorde waar is en wat hulle onderwerp aan die Here en luister na sy stem. Hoor die woorde in vers 1-3:

2 KOM tot julleself, ja, kom tot inkeer, o nasie wat nie skaam word nie! ²Voordat die besluit baar—soos kaf gaan die dag verby—voordat daar oor julle kom die toorn gloed van die HERE, voordat oor julle kom die dag van die toorn van die HERE. ³Soek die HERE, o alle ootmoediges van die land, wat sy ordening onderhou; soek geregtigheid, soek ootmoedigheid—miskien sal julle verborge bly op die dag van die toorn van die HERE.

Die woorde is hier opvallend: dit roep op. Voordat die Here die oordeel uitspreek oor die nasies rondom Israel (hou dit in gedagte) roep Hy op. Hy vra dat hulle tot inkeer sal kom – dat hulle tot bekering sal kom. Hoekom? Want as hulle nie doen nie – dan wag daar vir hulle oordeel en vernietiging.

God gaan die vyande van die oorblyfsel vernietig in al die windstreke

God gaan Israel se vyande in al die windstreke vernietig. Die vyande wat aan die oostelike kant is, die vyande aan die westelike kant, die vyande in die suidelike kant en die vyande wat aan die noordelike kant leef. God se oorblyfsel sal beskerm word vanuit elke hoek. Daar sal geen vyand meer bestaan vanuit enige rigting wat sy oorblyfsel verder sal bedreig nie.

Ding wat ons moet noem is: dat hierdie profesie deels nog nie vervul is nie. Dit word eers vervul met die koms van die nuwe aarde. Alhoewel daar skadu-vervullings was en God reeds van hierdie nasies vernietig het – is die eintlikte vervulling deur Christus – nog nie gerealiseer nie.

Sefanja kom wys vir ons dat God die vyande van die oorblyfsel (let mooi op nie van sy hele volk nie) vernietig.

⁴Want Gasa sal verlate wees en Áskelon tot verwoesting; Asdod sal op die helder middag verdryf word, en Ekron sal ontwortel word. ⁵Wee die inwoners van die kusstreek, die nasie van die Kretiërs! Die woord van die HERE is teen julle, Kanaän, land van die Filistyne—Ek verdeel jou, sodat daar niemand meer woon nie. ⁶En die kusstreek sal weiplekke met putte wees vir herders en krale vir kleinvee. ⁷En dit sal wees 'n deel vir die oorblyfsel van die huis van Juda: hulle sal daarop wei; hulle sal saans in die huise van Áskelon gaan lê, want die HERE hulle God sal op hulle ag gee en hulle lot verander.

Hy begin met die Ooste, met stede soos Asdod, Askelon en Ekron (die Gasa-strook). Julle sal onthou dit was die ou-Fillistyne. As jy Rigters lees en die boeke van Samuel en Konings daarna – dan sien jy daar is konstante stryd tussen die Israeliete en die Fillistyne. Die Fillistyne was 'n seevarende nasies – het hulleself teen die kus gevestig. Die vyand van Simson – die rigter byvoordeeld is die Fillistyne. Hier verklaar die Here dat Hy 'n einde gaan maak aan die Fillistyne.

Dan beweeg God na die Weste toe, die land van die Moabiete en die Ammoniete.

⁹Daarom, so waar as Ek leef, spreek die HERE van die leërskaer, die God van Israel: Moab sal word soos Sodom en die kinders van Ammon soos Gomorra—'n veld van brandnekels en soutpanne en 'n verwoesting vir ewig; die oorblyfsel van my volk sal hulle berowe, en die res van my nasie sal hulle beërwe. ¹⁰Dit oorkom hulle vir hul trotsheid, want hulle het geskimp op en hulle groot gehou teen die volk van die HERE van die leërskaer. ¹¹Vreeslik sal die HERE teen hulle wees, want Hy laat al die gode van die aarde weggwyn; sodat hulle Hom kan aanbid elkeen uit sy woonplek, al die kuslande van die nasies.

Die Moabiete en die Ammoniete het ontstaan uit die geskiedenis van Lot en Abraham. Onthou julle Lot het in Sodom gewoon en toe is Lot gered uit die stad voordat Sodom en Gemorra vernietig is. Lot het 2 dogters gehad en twee aande na mekaar het hulle, hul pa dronk gemaak en saam met hom geslaap en uit hierdie twee dogters het die volk van die Moabiete en die Ammoniete navore gekom (Genesis 19). Genesis 19:36-38:

³⁶So het dan die twee dogters van Lot by hulle vader bevrug geword, ³⁷en die oudste het 'n seun gebaar en hom Moab genoem. Hy is die vader van die hedendaagse Moabiete. ³⁸En die jongste het ook 'n seun gebaar en hom Ben-Ammi genoem. Hy is die vader van die hedendaagse Ammoniete.

Dan beweeg God na die Suide toe – die land van die Kusiete.

¹²Ook julle, o Kusiete, deurboordes van my swaard is hulle.

Kort en kragtig.

Moses het byvoorbeeld met 'n Kusitiese vrou getrou (Num 12). Die Kusiete was 'n volk wat uit Egipte gekom het. Die Here wys dus dat die Suide ook nie 'n plek is wat veilig is in die dag van oordeel nie.

Dan beweeg die Here na die Noorde.

¹³Dan sal Hy sy hand uitstrek teen die noorde, en Hy sal Assur vernietig en Ninevé tot 'n verwoesting maak, dor soos die woestyn. ¹⁴En binne-in die stad sal troppe vee lê en allerhande gediertes by troppe, die pelikaan sowel as die krimpvarkie op sy kapitele vernag; hoor! daar word gesing in die venster; verwoesting sit op die drumpel, want hulle het die sederwerk afgeruk. ¹⁵Dit is die uitgelate stad wat so veilig gewoon het, wat in sy hart gesê het: Dit is ek, en niemand anders nie! Hoe het dit 'n verwoesting geword, 'n lêplek vir wilde diere! Almal wat daar verbytrek, spot, skud met die hand.

Die land van die Assiriërs en later die Babiloniërs. Die Assiriese hoofstad Nineve (die een waarteen Jona ook geprofeteer het). Vir 'n ruk lank het hierdie mense hulleself bekeer – en toe weer verval in hoogmoed. Die stad wat geglo het hulle is onvernietigbaar. Die stad sal soos 'n woestyn word. Hoogmoed kom tot 'n val.

God verklaar – Hy sal sy oorblyfsel – sal Hy beskerm. Hy sal hulle verlos. Hy die Krygsman gaan opdaag.

Die Here is die Goddelike “Warrior” Koning wat opdaag

Kryger of Krygsman druk net nie so sterk dit uit as om te verklaar dat die Here: die “Divine Warrior-King” is nie. Wat openbaar God oor Homself hier? Hy openbaar dat Hy 'n Goddelike Krygsman en Koning is wat rekenskap eis en vir die oorblyfsel (wat sy kinders is) ware geregtigheid bring. Kom ons maak dit prakties:

- Wat dink jy kan God doen aan iemand wat 'n plaasaanval geloods het en sy hande bevlek het met die bloed van die oorblyfsel (die ware gelowiges)?
- Wat dink jy kan God doen aan iemand wat sy oorblyfsel (sy ware kinders) bang gemaak het met dreigemente?
- Wat dink jy kan God doen aan iemand wat sy oorblyfsel (sy ware bruid) verkrag het in die strate?

Hou hierdie in gedagte. Die oordeel van die Here – gaan oor ongelowiges kom vir ewig. Dis egter nie al nie – die Here se oordeel skep ook ruimte en plek vir die oorblyfsel.

Die Here berei deur sy oordeel 'n plek voor vir sy oorblyfsel

Dis nie al nie – deur sy oordeel – skep die Here. Hy berei 'n plek voor vir sy oorblyfsel. Die stede wat vernietig word – die stede wat net weivelde word – is die eiendom van die oorblyfsel. Die land wat gesteel is – word die land van die oorblyfsel. Die land wat die oorblyfsel beërwe – natuurlik moontlik gemaak deur hulle geloof in Jesus Christus en deur Christus se offer en oorwinning. Ons ontvang die nuwe aarde.

- Is jy bekommerd dat hulle nou jou grondgebied onregmatig gaan afvat? Miskien. Dis 'n werklike vrees – maar weet dat op die nuwe aarde – jy saam met Christus ver ewig gaan regeer op die nuwe aarde en daar is niemand wat jou grond gaan kom op eis nie. Deur geloof in Jesus Christus deel ons in die land wat Hy vir ons verwerf het.

Ek sluit af met die woorde van Jesaja 33:

33 WEE jou, verwoester, wat self nie verwoes is nie, en troubreker teen wie nie troueloos gehandel is nie! As jy klaar is met verwoes, sal jy verwoes word; en as jy klaar is met troubreuk, sal hulle troueloos teen jou handel. ²HERE, wees ons genadig, op U wag ons; wees hulle arm elke môre, ja, ons verlossing in die tyd van benoudheid! ...¹⁷Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal 'n wyd uitgestrekte land sien. ¹⁸Jou hart sal die deurgestane verskrikking oordink en sê: Waar is hy wat getel het? Waar is hy wat geweeg het? Waar is hy wat die torings opgeskryf het?...²⁰Aanskou Sion, die stad van ons feestelike samekoms! Jou oë sal Jerusalem sien as veilige woonplek, as tent wat nie wegtrek nie, waarvan die penne nooit meer uitgeruk word nie en geeneen van sy toue ooit losgeskeur word nie. ²¹Maar daar sal die HERE vir ons heerlik wees; dit sal 'n plek van riviere wees, van breë strome; geen vloot van roeiskepe sal daarop vaar nie, en geen trotse skip sal daaroor gaan nie. ²²Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos...²⁴En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie; aan die mense wat daarin woon, is die skuld vergewe.

Wag geduldig op die Goddelike Kryger-Koning! Hy sal ons verlos!

Amen.